17 Mrt.

Uitgawe 2010/03/17

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

As jy jou wingerd oes, moet jy agter jou nie skoon af oes nie; vir die vreemdeling, die wees en die weduwee moet dit wees. (**Deut.24:21**). Die verse wat hierdie een voorafgaan het ook dieselfde instruksie – om iets ekstra oor te hou vir die vreemdeling, die wese en die weduwee. In vers 22 sê God dat Hy dit verlang sodat die Israeliete kon onthou waarvandaan hulle kom. Wanneer ons in oorvloed lewe is dit so maklik om van die behoeftige te vergeet. God seën ons om 'n seën vir andere te wees. (**Gen.12:2**). ***Vader, dankie dat U seën op ons neer reën. Dankie dat U vir ons meer as genoeg gee. Help ons om die vreemdelinge in ons land te seën, asook die wees en die weduwee.***

Deurbraak : Ja, vir Jesus!

Dit is wonderlik om te sien wat God doen wanneer die Liggaam van Christus in eenheid staan teen sosiale euwels soos pornografie, prostitusie en godslastering. In elke geval waar die Kerk uitgereik het, verby mensgemaakte verwydering en die Bybelse mandaat vervul het om die "Sout en Lig" in die samelewing te wees – het God ons die oorwinning gegee. *Multichoice* se verklaring verlede week om nie voort te gaan met hul voorgenome 24 uur pornografiese kanaal nie, is 'n oorwinning vir elke verantwoordelike en ordentlike burger en veral vir diegene wat kapsie gemaak het en hul stem laat hoor het in Suid-Afrika. (E-pos: enaidoo@familypolicyinstitute.com, 15/03/10). ***Prys die Here vir die deurbraak. Bid dat Suid-Afrikaners sal aanhou om te staan vir seksuele reinheid en goeie morele waardes. Hou aan om te bid vir die leiers van Family Policy Institute wat waak en intree vir familiewaardes in Suid-Afrika.***

Bid vir jou gemeenskap : Diensleweraars

Twee vroue paramediese beamptes is deur mans aangeval en een van die twee vroue is verkrag toe hulle 'n kleuter te hulp gesnel het wat verbrand het. (Webruimte: http://www.mg.co.za/article/2010-03-15-zuma-men-who-raped-paramedics-behaved-like-animals, 15/03/10). ***Bid asseblief vir diensleweraars in jou gemeenskap – paramediese beamptes, brandweermanne, die polisiemag, mediese personeel, ens. Bid vir hul beskerming wanneer hulle diens doen in die gemeenskap. Bid dat die Heilige Gees diegene wat traumatiese ondervindings deurgemaak het, sal troos,***

Suid-Afrika : Dag van Gebed – 22 Maart 2010

Hierdie jaar is dit 10 jaar gelede dat die eerste *Dag van Gebed* en verootmoediging gehou is in die Newlands Rugbystadion in Kaapstad. Op 22 Maart verenig mense in gebed (vanaf 13:00 – 16:00) in die nuwe Kaapstad Stadion om te bid vir die jeug en die komende *Sokker Wêreldbeker*. Slegs 50 000 mense kan geakkommodeer word. Vir kaartjies en meer inligting, kontak: Antinia de Waal by tel.: 021 856 3130 of faks: 021 856 1174 en e-pos: cape@gdop-sa.com. (Webruimte: http://www.jwipn.com/daily_prayer_guides/JM%203-2010%20Mrt.pdf, 16/03/10). ***Bid vir elkeen wat betrokke is by die reëling van hierdie geleentheid . Bid vir God se beskerming oor hul geliefdes, eiendom, gesondheid, ens. Bid dat die finale reëlings glad sal verloop. Bid dat God in elkeen van hulle behoeftes sal voorsien.***

Internasionaal : Marokko

Die afgelope jaar was daar verslae van verskeie ongewone voorvalle waar Marokkaanse owerhede Christelike byeenkomste in verskeie plekke versteur. 'n Byeenkoms van min of meer 20 bywoners is ontwrig deur sowat 60 soldate. Elkeen van hierdie geleenthede was gevolg deur 'n verbanning van een of meer buitelandse Christen bywoner. Voor die insident in Februarie was die voriges gesien as geïsoleerde gevalle van klaarblyklike plaaslike weerstand. Volgens verskeie verslae wat hierdie week ontvang is, was 42 of meer Christene van agt verskillende lande wat in tien of meer dorpe of stede in Marokko gevestig was, verban sedert die begin van Maart. Sekere van hulle is net minute gegee om die land te verlaat nadat hulle al jare of selfs dekades in Marokko woonagtig was. (E-pos: info@usa.om.org, 12/03/10). ***Bid vir diegene wat verban is en ook diegene wat moes agterbly. Bid dat diegene wat verban is deur die Vader vertroos sal word en Sy teenwoordigheid en vrede sal ken en dat hulle binnekort sal weet wat God se plan vir hul lewens is. Bid dat die nasionale Marokkaanse Christene versterk sal wees in die tyd en nie geïntimideer sal word deur hierdie gebeurtenisse nie. Verklaar dat God die Vader is van al die kinders wat agtergebly het. Verklaar die Here se name oor hulle volgens Ps. 18 – Hy is hul Rots en Bergvesting en Redder; hul God, hul Rots by wie hulle kan skuil; hul Skild en die Horing van hul Heil, hul Rotsvesting.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com